



Bron
01712

Datum
0107212003

Onderwerp
25

Knipset
2679



Finansies & Tegniek

P. 37

Datum 21 July 2000

Veranderinge kom

SA se tweede minister van onderwys ná die apartheidstyd het begin met die hersiening van beleidsrigtings in die onderwys. Dit is gedoen om nuwe beleidsrigtings daar te stel en om die probleme met dienslewering uit die weg te ruim ná die rits nuwe beleidsbepalings wat sedert 1994 uitgereik is.

Dié hersiening – van Kurrikulum 2005, die Waardes-raamwerk vir die Onderwys, en die hersiening van die SA Kwalifikasie-owerheid wat binnekort plaasvind – is oor die algemeen goed ontvang deur onderwyspraktisyne in SA.

Maar dit was nie die geval met die hersiening van die hoër onderwys nie.

Dit is vervat in die voorlopige verslag van die taakspan oor die toekomstige grootte en omvang van die hoër onderwysstelsel. Feitlik elke belangrike belangegroep, waaronder die invloedryke SA Vereniging van Universiteite-visekanseliers, het die hoofaanbevelings in die verslag verwerp.

Dit het die minister van onderwys stellig sy eerste groot politieke krisis in die onderwyssektor besorg. Die opdrag van die taakspan van dertien lede onder leiding van die visekanselier van die Universiteit van Kaapstad was om aanbevelinge te doen wat die onderwystoneel sou verander van wat die minister bestempel as “die geo-politieke verbeelding van apartheidsbepanners”.

In ‘n neutedop het die taakspan voorgestel dat vyf klasse hoër onderwysinstellings ingestel word. Hulle sou gedifferensieer word op die grondslag van hul institusionele missies, byvoorbeeld navorsingsinstansies teenoor dié wat op onderrig fokus. Sommige instellings sou net basiese grade aanbied en ander gevorderde grade.

“Teiken”-finansiering sou beskikbaar wees vir spesiale programme wat eie is aan ‘n bepaalde instelling: finansiering vir akademiese ontwikkeling sou beperk word tot instellings wat basiese grade vir groot getalle studente aanbied.

Die boonste kategorie instellings sou die navorsingsinstellings wees wat meester- en doktorsgrade vir gevorderde studente aanbied. Instellings sou geklassifiseer word volgens ‘n aantal bepaalde maatstawwe, waaronder navorsing.

Pleks daarvan dat alle instellings alle dinge aan alle studente aanbied, sou daar differensiasie wees volgens spesialisfunksies volgens vermoë, geskiedenis en missiestelling.

‘n Groot aantal voorleggings van hoër onderwysinstellings het gevolg op dié radikale voorstelle oor die toekoms van hoër onderwys. Die belangrikste kritiek wat in tientalle voorleggings vervat is, was ten eerste dat die belangrikste aanbevelings ‘n weerspreking is van die kernwaardes en beginsels (veral oor die uitbreiding van toegang tot hoër onderwys) soos vervat in die witskrif oor hoër onderwys van 1997. Die feit dat dié punt beklemtoon is deur die voormalige voorsitter van die Nasionale Kommissie vir Hoër Onderwys (NKHO), prof. Jairam Reddy, was veral insiggewend omdat die NKHO die filosofie en beleidsraamwerk vir die hoër onderwys ná die apartheid-

TREFWOORDE

- 1 Bylae
- 2 Jansen J
- 3 Casmak
- 4 Kurrikulum
- 5 RHO 2005
- 6 Voorlae
- 7 Joubert
- 8 Weering
- 9 Voorstelle
- 10 Gradering

Deur
prof. Jonathan Jansen

SA MEDIA

Die Universiteit van die Vrystaat



Bron
01712

Datum
000721203

Onderwerp
25

Knipsel
2699

6

Finansies & Tegniek

P. 37

Datum 21 July 2000

↓
Prof. Jansen is dekaan van die fakulteit opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria en was tot onlangs verbonde aan die Universiteit van Durban-Westville.

> tyd geformuleer het.

Die tweede beswaar was dat die voorgestelde skema van vyf klasse instellings onbuigsaam is en die witskrif se visie weerspreek van 'n enkele stelsel van hoër onderwys met 'n gladde oorgang tussen die verskillende instellings, waar die grense tussen byvoorbeeld teknikons en universiteite vervaag.

Die derde beswaar was die dodelikste: dat die voorgestelde samestelling van die hoër onderwysstelsel sou neerkom op die verwesenliking van 'n apartheidsdoelstelling waarvolgens 'n paar blanke, stedelike universiteite die boonste klas instellings sou vorm en die swart en plattelandse universiteite die onderste groep.

In die lig van die kritiek het die taakspan weer bymekaargekom om die voorstelle radikaal aan te pas. Weens die politieke gevolge van die eerste dokument moes die hersiene voorstelle sowel die hoër onderwysinstellings en die politici in die parlement tevrede stel.

Heelwat parlamentslede is lede van universiteite en teknikons se rade en is terdeë bewus van die menings van studente, akademici en bestuurders van die instellings.

Die taakspan was erg verdeeld oor die aard van die nuwe voorstelle en die aanbevelinge is dig gehou totdat die verslag middel-Julie 2000 aan die minister van onderwys oorhandig is.

Wat kan van die hersiene voorstelle oor die "vorm en grootte" van die hoër onderwys in SA verwag word?

Ten eerste dat daar minder kategorieë in die hoër onderwys sal wees, dalk drie, eerder as die voorgestelde vyf soorte instellings. Dié plan was burokratiese en politieke ondeurdrag.

Tweedens kan groter diversiteit en inklusiwiteit in die meer gestroomlynde kategorieë verwag word sodat daar minder differensiasie sal wees op grond van ras of ligging (stedelik of plattelands).

Derdens kan meer klem op buigsaamheid meebring dat studente makliker tussen die nuwe verskillende klasse instellings sal kan beweeg. 'n Verklaring met besonderhede oor wanneer studente van een soort instelling na 'n ander kan oorskakel, is ook moontlik.

Vierdens kan simboliese verklarings verwag word oor byvoorbeeld die uitskakeling van 'n rassegrondslag in die hoër onderwys en die instelling van kerninstellings wat die grondslag sal vorm waarop die voorste instellings spesialis-kundigheid kan bou deur gevorderde graadopleiding.

Wat kan geleer word uit die reaksie op die swak gehalte en gebrek aan geloofwaardigheid van die eerste besprekingsdokument oor die vorm en grootte van hoër onderwys? 'n Belangrike les is dat 'n haastige hersamestelling van die hoër onderwysstelsel sal misluk sonder inagneming van (i) die rasse-sensitiwiteit wat die hoër onderwysstelsel steeds verdeel, (ii) die organisatoriese kompleksiteit van die bestaande stelsel van universiteite, teknikons en kolleges, en (iii) die beleid wat die grondslag sal vorm vir die instelling van die nuwe hoër onderwysstelsel.

TREFWOORDE

- 1
- 2
- 3
- 4
- 5
- 6
- 7
- 8
- 9
- 10

SA MEDIA

Die Universiteit van die Vrystaat



Bron
0 | 7 | 2

Datum
01007212003

Onderwerp
25

Knipsel
2699

C

Finansies & Tegniek

P. 37

Datum 21 July 2000

Die les wat dalk nie geleer is nie, is dat hoe die hoër onderwys ook al hersaamgestel word, dit in die lig van die politieke keuses en die ekonomiese beperkinge waarmee die nuwe regering te doen het, feitlik onafwendbaar is dat die studente wat toegang verkry tot die beste in die hoër onderwys en hoër vlakke van opleiding, grotendeels wit sal bly, of sal kom uit die klein, maar groeiende stedelike swart bevoorregte klas. Die oorweldigende meerderheid studente – op die platteland, swart en arm – sal steeds minderwaardige onderwys aan gemarginaliseerde instellings kry – en dan net as hulle kan betaal. □

TREFWOORDE

- 1
- 2
- 3
- 4
- 5
- 6
- 7
- 8
- 9
- 10